brokkiessnippets

Dagbreek en Nerina Smoeg eerste in Jool 2005

Dagbreek en Nerina het vanjaar met die Smoegbeker, die beker vir die algehele wenners van Jool, weggestap. Dié twee koshuise het behalwe vir die Smoegbeker ook die Geldbeker ingepalm. Algeheel was Eendrag en Monica tweede en Helshoogte en Heemstede derde.

Vanaf 2005 word Karnaval weer Jool genoem. Volgens Lauren Young, vanjaar se voorsitter, is daar besluit om terug te keer na die oorspronklike naam om uiting te gee aan die komitee se leuse "Studentepret met 'n doel" en daarmee meer klem te plaas op geldinsameling vir die gemeenskap. Dié fondse word ouder-gewoonte aan Matie Gemeenskapdiens (vroeër bekend as USKOR) geskenk.

Blikkie skud vir liefdadigheid

Foto: Joolkomittee

Dagbreek en Nerina het nie net algeheel eerste geëindig nie, maar het eerste plekke behaal in onder meer die Stellenbosch Munisipaliteit Vensterversierings en die Standard bank Vlotoptog



Foto: Dagbreek

Die studente het vanjaar in 'n volle 16 aktiwiteite gejool. Behalwe vir Vensterversierings – heelwaarskynlik die grootste opelug teater in die Suidelike Halfrond met nagenoeg 30 000 mense wat dit jaarliks bywoon – daag koshuise mekaar uit om elkeen by ten minste een gemeenskapsprojek betrokke te wees soos bv Eendrag en Monica wat gaan huise verf het in Kayamandi. *(Sien artikel elders)*

Ander aktiwiteite sluit in 'n Gemeenskaps-fees op die Braak, 'n Kaas en Wyn-fees, die Build a Brick for your Community (BBC-Project), me Matieland, die trollieresies en vlotte. Vanjaar se tema was "…ing".

Oudmatie versit berge

Op 29 streef Thea-Mari daarna om die jongste vrou ter wereld te word wie al 7 kontinentale pieke se kruin bereik. Sy het reeds 5 van die 7 pieke voltooi: Kilimanjaro (Afrika), Elbrus (Europa), Aconcagua (Suid-Amerika), Mount McKinley (Noord-Amerika) sowel as die Carstensz Piramiede (Australasië). Al wat nog oorbly is Vinson Massif op Antarktika en natuurlik die groot een - Everest. In 'n sport van eerstes sal sy ook die eerste Suid-Afrikaanse vrou en eerste vrou uit Afrika wees wie sulke hoogtes bereik. Boonop was daar nog nooit 'n Oudmatie bo-op Everest nie.

Vyf is klaar, nog twee om te gaan. Thea-Mari op die kruin van die Carstensz Piramiede in Australasië.

Thea-Mari sê egter dat die grootste berg wat tans in haar pad lê die tekort aan borgskappe is.

Vir meer inligting:
www.theamari7summits.com

Namibiër is Maties se mooiste

Foto: Julian Krüger

Me Matieland 2005 is Zeta Mouton – 'n Namibiër en B.Rek-student van Goldfields-koshuis. Die eerste prinses is Janine Fereira wat haar honneurs in filmteorie doen en die tweede prinses is Elmari Greffrath, 'n spraakterapie-student van Minerva.

Volgens die organiseerders van die projek, wat deel vorm van Jool, bly die hoofdoel gemeenskapsdiens. Mouton self het 'n projek voorgestel waarin die behoeftes van kinders wat aan fetale alkohol-sindroom ly, aangespreek word.

Verder is daar ook 'n definitiewe poging om weg te beweeg van die persepsie dat dié tipes kompetisies net oor mooi meisies gaan. In dié verband is daar weggedoen met die bikini-deel van die kompetisie en word die deelnemers ook grootliks beoordeel volgens hulle deelname aan gemeenskapsprojekte. Al tien van vanjaar se finaliste beplan om saam 'n komitee te vorm om gemeenskapsprojekte van stapel te stuur.

Me Matieland is vroeër vanjaar tydens 'n glansgeleentheid gekroon.

Goue meisie. Goldfields-koshuis se me Matieland, 2005, Zeta Mouton.

Oudmatie Veldryklub wil in elke provinsie gaan ry!

Die Oudmatie Veldryklub het nou reeds 19 fantastiese veldry-ekskursies agter die blad. Elkeen van hierdie toere – wat wissel van kort naweek-uitstappies na die Sederberge tot lekker lang ritte in die Namib-woestyn – is uniek en verskaf sonder uitsondering baie vreugde aan die Oudmaties wat saamry.

Tot dusver was dit egter hoofsaaklik Kapenaars wat deelgeneem het aan die klub se aktiwiteite. Oudmaties in die binneland moet nou ook gaan saamry!

Enige Vrystaters, Noordwesters, Noord-Kapenaars, Oos-Kapenaars en natuurlik Gautengers en Oudmaties van Limpopo of Mpumalanga wat belangstel in 'n veldry-geleentheid – kontak asseblief die Oudmatie Veldryklub.

As jy eers eenkeer saam met die Oudmaties veld toe was, sal jy beslis weer gaan.

Die toere wat reeds vir 2005 gereël is, is:

24 Junie – 15 Julie 2005:**Kaokoland en Angola**
5 – 10 Augustus 2005:**Noord Kaap / Kalahari**
29 – 31 September 2005:**Die Spoke van Uniondale**
4 – 6 November 2005:**Overberg / Kleinmond se perde**

Kontak vir Jurgens Schoeman (082 341 6733) of stuur 'n e-pos na jurgens@telkomsa.net

Petra wen Hertzogprys

Petra Müller, 'n oud-student van die US, is onlangs met die Hertzogprys vir Letterkunde bekroon vir haar digbundel *Die Aandag van Jou Oë*. Die Hertzogprys word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa. Benewens verskeie kinderverhale is sy veral bekend as kortverhaal-skrywer en digter. Sy is in 1980 met die Eugène Marais-prys bekroon vir die digbundel, *Patria*. In haar professionele loopbaan het sy onder meer vir *Die Burger, Sarie* en Tafelberg Uitgewers gewerk.

Foto: www.stellenboschwriters.com

"Über-cool" Marlene van Niekerk wen RAU-prys

Foto: Tafelberg Uitgewers

Prof Marlene van Niekerk van die Departement Afrikaans en Nederlands het vroeër vanjaar die gesogte RAU-prys (nou die Universiteit van Johannesburg-prys) ter waarde van R50 000 gekry vir haar nuutste roman, *Agaat*.

Triomf, wat in 1994 verskyn het, het die gesogte CNA- en MNet-letterkundepryse gewen asook die Noma-prys (1995) vir die beste boek uit Afrika.

As dosent koördineer Marlene onder meer die MA-program in Afrikaanse Skryfkunde. Haar studente sê sy's "*über-cool*" en 'n "absoluut toegewyde dosent" .

Foto: EricaMoffett

Carina breek eiland-rekord

Carina Bruwer, Suid-Afrika se lang-afstand swemsensasie en bekende fluitspeler het op Vryheidsdag op 27 April nog 'n rekord agter haar naam geskryf.

Dié keer was dit die 11 km swem om Robbeneiland. In haar rekordpoging het sy die afstand in 3 uur, 7 minute afgelê – 'n hele 35 minute minder as die vorige rekord – gehou deur 'n man, die Brit Lewis Gordon Pugh. Die gemiddelde watertemperatuur vir die swempoging was 14°C.

Carina is die enigste swemmer wat om die mees suidelike en mees noordelike punte van Afrika (Kaap Agulhas en Bizerthe in Tunisië) geswem het. Verlede jaar het sy die eerste Suid-Afrikaner geword wat om Kaappunt geswem het, en hou ook hierdie rekord. Sy oefen tans vir 'n poging om die Engelse Kanaal in Julie of Augustus te swem sowel as die Straat van Gibraltar tydens 'n musiektoer in Spanje.

Carina is bekend as 'n veelsydige solis wat soomloos daarin slaag om klassieke en kontemporêre style soos jazz, Latyns en etnies te kombineer. Sy het in 2003 die graad B.Mus(Hons) *cum laude* geslaag en het onder meer by Eva Tamassy studeer. Sy hoop om haar debuut kommersiële CD in Junie in Johannesburg op te neem.

Carina bestuur ook haar eie musiek-agentskap (Five Seasons Music) en is deel van die bekende klassieke ACE Kwartet, die Afro-Kubaanse groep Salsa Candela en verskeie ander ad hoc ensembles.

■ Sien www.carinabruwer.com vir meer inligting of skakel Carina by 082 486 1320.

Eenheid woel in die gemeenskap

Die Eenheid vir Opvoedkundige Sielkunde is 'n aktiewe rolspeler in die gemeenskap en bied opleiding, werkswinkels, psigoterapie, assessering, werkswinkels, en personeelontwikkeling aan ouers en onderwysers.

Kontak die Eenheid by tel (021) 808-2229, faks (021) 808-3932 of e-pos eos@sun.ac.za vir meer inligting.